

Die sondige natuur ná regverdigmaking – Hermie van Zyl

Jurgens vra:

Martin Luther het gesê ons is terselfdertyd regverdige en sondaar. Die praktyk bewys dit tog duidelik. Wat is die oorsprong van sonde ná regverdigmaking? Pelagius het geglo die mens sondig somer net uit navolging of gewoontes. Wat is die bewys dat ons steeds sondig ná regverdigmaking uit ons sondige natuur? Met verwysing na 2 Petrus 1:4 wat leer ons het die verdorwenheid ontvlug en nou ook deelgenote geword van die Goddelike natuur.

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Ons vraagsteller stel 'n baie interessante en belangrike saak aan die orde, wat op die volgende neerkom: Wat is die status van ons lewe nadat ons deur God regverdig verklaar is? Bly ons (ou) natuur presies dieselfde of verander dit? Indien dit verander, hoekom lyk dit of ons ou sondes steeds ongebreideld voortwoeker? Om hierdie vrae na behore te antwoord, wil ek begin by die sogenaamde heilsorde of heilsweg.

Regverdigmaking maak deel uit van die heilsorde of heilsweg. Ander sake wat gewoonlik ook hier ter sprake kom, is uitverkiesing, wedergeboorte, roeping, bekering, geloof, verlossing/redding en heiligmaking. Hierdie begrippe beskryf almal die manier waarop ons deel kry aan die heil wat God ons in Christus skenk. Van nature is ons slawe van die sonde, maar op bogenoemde maniere skenk God aan ons sy genesing of heil. Soms word dit so voorgestel dat hierdie begrippe 'n bepaalde *volgorde* van gebeure voorstel, byvoorbeeld ons word eers

uitverkies, dan wedergebore, dan geroep, ensovoorts (vandaar die term heils-*orde*), maar dit is eerder so dat elkeen van hierdie begrippe die *hele* heil beskryf, hoewel elke keer net vanuit 'n ander perspektief of hoek. Dis soos 'n diamant met verskillende vlakke – elke vlak laat ons die hele diamant waardeer, maar telkens vanuit 'n ander hoek.

Wat wil regverdiging ons dan laat sien van God se heil? Regverdiging beskryf die gebeure waar God ons vryspreek, of onskuldig of regverdig verklaar, op grond van Christus se verdienste. In onself is ons sondaars, ons het geen gronde om aan God te bied waarom Hy ons moet vryspreek nie. Maar nou het Hy in genade self Iemand voorsien wat nie net in ons plek vir ons sonde gestraf is nie, maar wat ook in alle opsigte sonder sonde was. En wanneer ons volledig afstand doen van ons eie floue poginkies tot selfregverdiging en onself werp op Christus se verdienste, dan verklaar God ons regverdig om Christus wil; dan beskou Hy ons asof ons geen sonde meer het nie. Regverdiging beteken dus die vryspreek van sondaars op grond van Christus se verdienste. My status voor God is dan dié van regverdige, van sondelose. (Lees veral Rom 3:21-31; 4:5; 2 Kor 5:21 en Gal 2:15-21 hieroor.)

Maar nou die vraag van ons vraagsteller: Waar kom die sonde dan vandaan ná ons regverdiging? Is ons dan nie hiervan vrygespreek nie? Het ons dan nie van status verwissel in die oë van God – van sondaar na regverdige nie? Op grond van baie Skrifuitsprake moet ons sê dat ons status voor God inderdaad verander het. So moet die gemeente in Korinte van Paulus hoor dat God hulle “geroep het om aan Hom te behoort”. Letterlik staan daar dat die gemeente “geroepe heiliges” is (1 Kor 1:2). Juis hierdie gemeente waar daar soveel probleme en sonde voorgekom het, se status voor God is dié van heiliges. En so verklaar Paulus dit ook van die gelowiges in Rome (Rom 1:7), van al die gelowiges in Agaje (2 Kor 1:1), van die Efesiërs (Ef 1:1), ensovoorts. Heiliges – dít is wie hulle is in Christus; dis hulle status. Maar hierdie status moet nou

verwerklik en uitgeleef word; hulle moet as 't ware ingroei in hulle status. Gelowiges moet nou word wat hulle reeds is kragtens hulle geloof in Christus. En dit gebeur nie eensklaps nie; dit vat 'n leeftyd om aan hierdie status gestalte te gee. En selfs dan gebeur dit nie volkome nie. Daarom dat 1 Kor 15:42-44 sê dat hierdie verganklike bestaan van ons op aarde uiteindelik met onverganklikheid vervang moet word, hierdie geringe gestalte na heerlikheid omgeskakel moet word, 'n natuurlike liggaam met 'n geestelike liggaam vervang moet word. En dit gebeur in die opstanding. Dan word dit duidelik wie ons eintlik is: geheiligdes in Christus.

As ons die situasie soos hierbo geskets in ietwat geleerder, teologiese spraakgebruik moet verduidelik, kan ons sê dat ons status as regverdige en heilige in Christus 'n forensiese en etiese werklikheid is. Dit beteken dat ons kragtens God se hoë reg vrygespreek is van alle skuld voor God (forensies, soos in 'n hof deur 'n regter). Ons status is nou dié van 'n vrygespreekte. Maar terselfdertyd word ons opgeroep om volgens hierdie nuwe status te lewe (eties). Ons lewenswyse moet pas by ons nuwe status; ons moet soos 'n vrygespreekte leef. Dis soos toe Jesus vir die vrou wat in owerspel betrap is, gesê het: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie" (Joh 8:11). Die "gaan maar" is die vrypraak of regverdigverklaring (forensiese handeling), en die "moet van nou af nie meer sonde doen nie" is die etiese; sy moet nou haar status as vrygespreekte gaan uitleef. Verder, teoloë is baie huiwerig om te sê dat hierdie forensiese uitspraak ook inhou dat ons natuur (wese, syn) verander het. (Dis 'n lang debat waarop ek nie nou kan ingaan nie.) Die relatiewe konsensus onder ten minste Protestantse teoloë is om te sê dat regverdiging wel ons forensiese status voor God verander, maar nie ons ontologiese status (syns- of wesenstatus) nie. Dit beteken ons is nog steeds mense met 'n brose natuur wat tot sonde geneig is. Ons wesensaard is nie eensklaps vergoddelik nie; ons aard het nie so verander dat ons soos God geen sonde het en tot geen sonde verlei kan word

nie (Jak 1:13). Regverdiging beteken eerder dat ons nou in 'n nuwe personele verhouding tot God staan. As persone is ons steeds sondaars, maar as persone staan ons nou met ons volle sondige menswees ook in 'n nuwe verhouding tot God. En God kom ons tot hulp in hierdie nuwe verhouding deurdat Hy deur die inwoning van sy Gees ons 'n nuwe geneigdheid, koers en rigting in ons lewe gee, en ons ook in staat stel om dit uit te lewe.

Vanuit bogenoemde moet ons dus sê dat dit in hierdie lewe 'n voortdurende stryd is om aan die suigkrag van ons ou natuur te ontkom en Christus toe te laat om in ons gestalte te kry. Daarom dat Paulus so sterk daarop staan dat ons vanuit ons status sal leef. In Rom 6 sê hy dat ons saam met Christus gesterf het vir die sonde; ons is dood vir die sonde; dit het nie meer 'n houvas op ons nie. Terselfdertyd het ons reeds saam met Hom opgestaan uit die dood om vir Hom die nuwe lewe te leef. Hy moedig die Romeinse gelowiges dus aan om nie toe te laat dat die sonde langer oor hulle heerskappy voer nie, en om hulle sigbare lewens in diens van God te stel. Geen wonder nie dat Luther sy uitspraak van *simul justus et peccator* – tegelyk regverdige en sondaar – gemunt het om uitdrukking te gee aan hierdie bestaan van die gelowige op aarde. Ons is op weg na volkome heerlikheid, maar hier aan die duskant van die graf is ons nog besig met die stryd teen ons ou natuur, om te wees wat ons reeds in Christus is: heiliges, regverdiges.

Mens sou hierdie aard van die Christelike lewe op aarde ook kon beskryf as 'n beweeg tussen twee pole: tussen die *alreeds* en die *nog nie*. Ons het in Christus *alreeds* volledig deel aan die nuwe lewe wat God gee, maar hierdie nuwe lewe het *nog nie* volkome in gelowiges gerealiseer nie. Dit sal eers gebeur by die wederkoms van Christus, wanneer Hy sy koninkryk aan die Vader sal gee en God alles sal wees vir alles (1 Kor 15:28).

Nou kan ons ook aandag gee aan die teks waarna ons vraagsteller verwys (2 Pet 1:4). Dis baie relevant vir hierdie gesprek. Tradisioneel was dit 'n teks wat veral deur Rooms-Katolieke teoloë gebruik is om daarop te wys dat gelowiges

deel kry aan die natuur van God via die genade wat ingestort word in die gelowige se natuur, amper asof daar 'n uitruil van wese en eienskappe van God plaasvind sodat die gelowige nou op fisiese manier dieselfde natuur as God het, maar sonder dat die mens sy menslike natuur verloor. Wat dan sou beteken dat omdat ons menslike natuur substansieel vergoddelik is, ons eintlik nie meer kan sondig nie.

Hierdie verstaan van 2 Pet 1:4 gaan egter mank aan 'n paar besware. *Eerstens*, "deel kry" aan die Goddelike natuur het in die Nuwe Testament altyd 'n interpersoonlike betekenis; dit hef nooit die menslike aard en natuur op nie; dit is altyd die mens as *mens* wat persoonlik verbind is en gemeenskap hou met God. Dit gaan dus altyd oor 'n persoonlike verhouding, nooit om 'n fisiese deelname aan God se natuur nie. God bly God en ons bly mens. *Tweedens*, die deel kry aan die Goddelike natuur is nog iets toekomstig, dis nie iets wat nou gebeur nie. As mens hierdie vers meer letterlik vertaal, sal die toekomstige karakter van hierdie deelname aan die Goddelike natuur duideliker word. 'n Letterlike vertaling van 2 Pet 1:3-4 sou kon lui: "³Sy Goddelike krag het ons alles tot lewe en godsvrug geskenk ... ⁴waardeur Hy die kosbare en grootste *beloftes aan ons gegee het sodat julle daardeur deelgenote aan die Goddelike natuur kan word*, nadat julle die verdorwenheid wat deur die begeerlikheid in die wêreld is, ontvlug het." Dit gaan dus hier oor die *belofte* van deelname aan die Goddelike natuur. *Derdens*, selfs wanneer hierdie deelname aan die Goddelike natuur in die toekoms plaasvind (in die opstanding), beteken dit ook nie dat ons dan letterlik vergoddelik sal word nie. Ons bly mense – weliswaar verheerlikte mense – en as mense sal ons in 'n nuwe verhouding tot God staan soos wat tans op aarde nie moontlik is nie. Hierdie verhouding sal so nuut en anders wees as waaraan ons tans gewoond is dat die skrywer van 2 Petrus dit in terme van die konsepte van die antieke tyd 'n "deelname aan die Goddelike natuur" noem, 'n deelname waar daar geen oorblyfsels van die sonde en die gebrokenheid van

hierdie bedeling meer sal wees nie. Maar die gegewens wat ons in die Bybel het oor die aard en toekoms van die mens, gee ons nie die reg om van 'n totale *vergoddelyking* van die mens te praat nie, nie nou nie, ook nie in die toekoms nie.

Ons slotsom is dus dat die aard van die regverdiging van die mens, soos hierbo geskets, sowel as die betekenis van 2 Pet 1:4, ons nie 'n opening gee om van die sondeloosheid van die mens te praat ná regverdiging nie. Dis eerder so dat ons 'n statusverandering ondergaan in die oë van God – nie speelspeel nie maar werklik – en dat ons deur die inwonende Gees van God nou in staat gestel word om te stry teen ons ou natuur én oorwinning te behaal. Hierdie stryd duur voort tot ons die dag ons kop neerlê. Daarom geld die spreuk van Martin Luther nog steeds: ons is tegelyk regverdige en sondaar.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

'n Sondige lewe en vergifnis – Hermie van Zyl

Vraag Ek het in 'n huis groot geword met 'n oop Bybel. Is 40 jaar gelukkig getroud, dienswerker en pa van 'n pragtige dogter. Ek is bi-seksueel en het met die koms van internet begin om fisiese kontak met mans te hê. Ek het ook gereeld na pornografie op internet gekyk. Het altyd baie skuldig hieroor gevoel, maar net voortgegaan. Nou is ek met blaaskanker gediagnoseer en ewe skielik besef ek dat elke mens ook net soveel genade kan ontvang. Ek het Sondag vir Sondag vroom in die kerk gesit, en dan huis toe gegaan en net met my sondige lewe voortgegaan.

Ek glo dat Christus ook vir my sondes gely en gesterf het,

maar het toegelaat dat die versoekings van die wêreld my lewe regeer. Nou het ek berou en wil wegbreek van my verlede, pleit vir vergifnis, en 'n nuwe begin maak. Ek voel egter dat ek die vergifnis nie verdien nie, want nou eers dat die dood my in die gesig staar, wil ek ewe skielik 'n ommekeer maak. Het ek nie die onvergeeflike sonde gepleeg teen die Heilige Gees nie? Is God se genade so groot dat ek wat behoorlik in die varkhokke van die wêreld geploeter het, vergifnis kan kry?

Antwoord

Die kort antwoord op ons vraagsteller se vraag is 'n onomwonde en oortuigende: "Ja, God se genade is vir seker so groot dat ons vraagsteller ook vergifnis kan kry!" Maar kom ons brei bietjie hierop uit.

Die probleem met 'n leefstyl wat opsigtelik nie in ooreenstemming met God se wil is nie, is dat dit jou vervreem van God. Dit gevolg is die opstapeling van skuldgevoelens wat later soos 'n berg tussen jou en God staan. Mens voel dat God jou op geen manier kan vergewe nie. En so beland mens in 'n geestelike doodloopstraat. Dan vat die oortuiging ook pos dat jy nie vergifnis verdien nie; jy het te ver gegaan; jou sonde het net te veel en te groot geword. Maar dis nou juis die opspraakwekkende van die evangelie, die goeie nuus van God se genade. Niemand verdien vergifnis nie. Paulus sê baie duidelik in Romeine 3:23-24: "Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus." Niemand verdien dit om van 'n ontsaglike en onbetaalbare skuld wat ons by God het, vrygespreek te word nie.

Hierdie punt word treffend geïllustreer deur die gelykenis van die onbarmhartige amptenaar (Matteus 18:23-35). Die man het 'n onbetaalbare bedrag wat hy sy baas skuld en word dan alles

kwytskeld. Wat verder gebeur, is natuurlik laakbaar – dat die man dit toe nie oor sy hart kon kry om sy mede-amptenaar, wat hom 'n geringe bedraggie geskuld het, ook so te vergewe nie. Maar die punt is, ons is almal tot ons ore toe by God in die skuld, daar is geen manier waarop ons God se vergifnis kan verdien nie, en tog skeld Hy ons alles vry omdat Iemand anders klaar daarvoor betaal het – Jesus Christus. Vergifnis is dus per definisie iets wat jy nie kan verdien nie; daar is niks wat ons eers iets kan doen of 'n “handjie wat ons moet bysit” om dit vir God “makliker” te maak om ons te vergewe nie. Indien God eers 'n teenprestasie van ons sou verlang, dan was genade nie meer genade nie. Nee, God se genade is radikaal en onverdiend. Hy vergewe omdat Hy genadig is, en ons kan dit alleen in die geloof aangryp en daaruit lewe. Dus, die oomblik as jy naak voor God staan en jy voel jou sonde is te groot om vergewe te word, dan is jy by die regte adres. God spesialiseer daarin om groot sondes te vergewe. Luister wat sê Hy in Jesaja 1:18: “Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol” (1933/53 Vertaling). En Jesaja 55:7: “Die goddelose moet sy verkeerde pad laat staan ... hy moet hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom genadig wees; ... Hy vergewe altyd weer.” En lees gerus die hele Ps 103 om God se hart te beluister. Wat hier uitstaan, is dat God ons sondes van ons verwyder omdat Hy barmhartig en genadig is, lankmoedig en vol liefde. Hy weet maar te goed dat ons broos en stof is, daarom ontferm Hy Hom oor ons.

'n Mens hoef dus nooit te voel dat jy te sleg is vir God nie. God se hart is oop en Hy ontvang jou net soos jy is. En van daar af begin Hy weer 'n pad met jou loop om van jou 'n nuwe mens te maak. Ja, God jou aanvaar net soos jy is, maar Hy los jou nie soos jy is nie. Hy wil van jou uiteindelik iemand maak wat Hom liefhet, van harte dien, en volgens sy wil lewe, uit dankbaarheid vir die groot verlossing wat Hy jou deel gemaak het.

Waar begin 'n mens weer die drade met God optel, ná 'n lewe van sonde, soos ons vraagsteller bely? Jy begin waar jy berou het oor jou sonde, soos wat die verlore seun ervaar het toe hy daar in die ver land tussen die varke gesit en verlang het na sy vaderhuis (Lukas 15:18-20). Hy het opgestaan en teruggegaan en vir sy pa gesê: "Pa, ek het gesondig teen God en teen pa, en is nie meer werd om pa se seun te wees nie." En wat gebeur toe? Die pa het hom innig jammer gekry (= was hom genadig), en het hom met ope arms verwelkom en weer as seun in sy huis herstel. So werk God se genade. God is nie haatdraend of verwykend nie. Hy gaan jou nie voor stok kry oor jy nou dat jy swaarkry jou ewe skielik tot God wil bekeer nie, maar toe dit goed gegaan het en jy die sonde "geniet" het, toe het jy jou rug op God gekeer. Al wat God raaksien, is 'n opregte hart en opregte berou en 'n opregte begeerte om Hom weer te dien. Daarom kon Jesus selfs vir die geharde misdadiger aan die kruis wat sy hele lewe weggesmyt het in misdaad, sê: "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Hierdie man het ter elfder ure tot inkeer gekom, maar God het hom nie verwynt en gesê dat dit nou te laat is nie. Vir God is dit nooit te laat om redding te gee nie.

Ons vraagsteller is verder bekommerd dat hy dalk die sonde teen die Heilige Gees begaan het. Hy hoef hom egter nie daarvoor te bekommer nie. Die blote feit dat hy berou het oor sy sonde, wys al klaar dat hy nie die sonde teen die Heilige Gees gepleeg het nie. (Hierdie sonde word ook soms die "onvergeeflike sonde" [Matteus 12:31] of "sonde tot die dood" [1 Joh 5:16-17] genoem.) Hierdie sonde gebeur egter net wanneer iemand uit moedswilligheid die werk van die Gees aan die werk van die duiwel toeskryf (Matt 12:22-32) of wanneer iemand volhardend die Here verwerp en so die Gees se werking in sy lewe uitblus (Efesiërs 4:30; 1 Tessaloniense 5:17; Hebreërs 4:4-6; 10:26-31). Maar ons moet die kontekste waar hierdie uitsprake voorkom, deeglik in ag neem. Hierdie uitsprake is in die eerste plek waarskuwings aan gelowiges om nie ligtelik met God se genade in Christus om te gaan nie. Dis

nie beskuldigings dat hierdie sonde reeds tot stand gekom het by die lesers nie. En in elk geval, dis nie vir ons om te bepaal wanneer iemand die sonde teen die Heilige Gees gepleeg het nie. Niemand van ons weet wanneer iemand in sy of haar lewe daardie punt van verharding of van geen-omdraai-meer bereik het waar jy nie eens meer omgee of jy gered is of nie. (Want dis die gevolg van die sonde teen die Gees.) Dis nie vir ons om vas te stel nie. Net God, die hartekenner, weet dit. Ons as mense kan alleen maar die evangelie verkondig en waarsku teen totale afval. En dit is duidelik dat ons vraagsteller kennelik nie daar is waar hy nie meer omgee of hy vergewe word of nie, want hy het berou oor sy sonde en het die verlange om weer met God verenig te lewe.

Om dit nog eens te beklemtoon: Die sonde teen die Heilige Gees gaan oor 'n besondere soort sonde. Alle sonde bevat 'n element van opsetlikheid en moedswilligheid, maar hierdie sonde gaan daaroor dat mens die enigste manier waarop God kan red, verwerp, of dat jy die offer van die Seun van God bespotlik maak (Hebreërs 6:6), of die Gees hardvogtig oor 'n lank tyd weerstaan, op so 'n manier dat God nie toegang tot jou hart kry nie. Want onthou, die enigste manier waarop God jou hart kan sag maak, is deur die werking van sy Gees. Verder, daar is geen ander offer vir redding as die een wat Jesus gebring het nie. As hierdie heilsmiddele verwerp word, dan kan selfs God jou nie vergewe nie, nie omdat Hy nie wil nie of omdat jou sonde te groot is nie, maar omdat jy Hom nie toelaat om dit te doen nie. Jy wil nie sy "medisyne" vir jou sonde aanvaar nie. En God dwing niemand teen sy of haar wil nie. Hy kom altyd met die sagte aanslag van die liefde. Wie hierdie liefdesaanslag volhardend verwerp, word dan later immuun teen God se liefde en wil dan ook geen genesing meer hê nie. Maar, soos reeds gesê, ons as mense moet ons daarvan weerhou om uitsprake oor ander se geestelike gesteldheid te maak. Net God kan daarvoor oordeel.

Dit is duidelik dat ons vraagsteller die vergifnis van God

begeer. Hy hoef dus nie te vrees dat hy die sonde teen die Heilige Gees begaan het nie. Solank mens nog God se vergifnis wil hê, is jou hart ontvanklik vir sy redding en kan jy sy vergifnis in die geloof omhels en aanvaar.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

Die grootste sonde – Francois Malan

'n Leser vra:

Watter sonde is die ergste volgens die Bybel?

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord

In Matteus 12:31-32 sê Jesus: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal nie vergewe word nie. En wie iets teen die Seun van die Mens sê, dit sal hom vergewe word. Maar wie iets teen die Heilige Gees sê, dit sal hom nie vergewe word nie, nóg in hierdie bedeling nóg in die een wat kom.

Die werk van die Heilige Gees is om die wêreld te oortuig van sonde, en van geregtigheid, en van oordeel (Johannes 16:8).

Sonde is wat ons teen die wil van God doen en aan mekaar doen.

Geregtigheid is wat reg is voor God en teenoor mense. Die geregtigheid voor God, dat ons verhoudig met God reggemaak is, het Jesus vir ons aan die kruis verkry toe Hy, wat self God is, die sonde van die hele wêreld op Hom geneem het.

Efesiërs 1:7 sê: In Jesus Christus, God se Geliefde Seun, het ons die bevryding van ons sondes deur sy bloed, die vergewing

van ons oortredinge uit die rykdom van sy genade – dit is gratis vir elkeen wat in Hom glo, dat Hy al my sonde se skuld en straf en smet op Hom geneem het.

Efesiërs 2:8-10: 'Want uit genade is julle verlos, deur geloof, en dit kom nie uit julle self nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie uit eie werke nie, sodat niemand kan roem nie. Van Hom is ons immers 'n maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke te doen en daarvolgens te leef, soos God dit voorberei het.'

Jesus het gesê: Die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle in alles onderrig en julle aan alles herinner wat Ek vir julle gesê het (Johannes 14:26). Die Gees van die waarheid wat van die Vader kom, sal oor My getuig (Johannes 15:26). Die Heilige Gees sal My verheerlik omdat Hy dit wat Hy van My sal ontvang, aan julle bekend sal maak (Jn 16:14).

Die grootste sonde is volgens die Bybel om jou rug te draai op God, wat in sy groot genade, deur sy Seun Jesus Christus se offer van Homself aan die kruis, al jou sondes vergewe het en jou aan Christus wil verbind deurdat die Heilige Gees in jou werk om in Jesus as jou Verlosser te glo deur jou self aan Hom oor te gee.

Johannes 3:16,18,36: 'Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe kan hê...' 'Wie in Hom glo word nie veroordeel nie, maar wie nie glo nie, staan reeds veroordeel omdat hy/sy nie in die Naam (alles van die Persoon) van die enigste Seun van God geglo het nie...' 'Wie in die Seun glo het reeds die ewige lewe. Maar wie aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie; intendeel, die toorn van God bly op Hom.'

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Hoe verstaan ons die eenmalige en herhalende aard van sonde vergifnis? – Kobus Kok

Andre vra

Kan Kobus Kok vir ons meer toeligting gee oor sonde erkenning, belydenis en vergifnis as eenmalig en voordurende aksie.

Antwoord:

Prof Kobus Kok antwoord:

Gelowiges reg oor die wêreld, veral mense wat onlangs tot bekering gekom het, besef die spanning tussen die groot moment waarin God kom en jou sondige toestand vergeef en die realiteit van voortgaande sonde in hulle lewe. Hulle worstel ook met die vraag of mens *eenmalig* met jou bekering belydenis van jou erfsonde maak en dan 'n vergeefde, versoende en uitverkore gelowige bly en dan nie weer sondebelydenis hoef te doen nie. Ander voel weer dat hulle elke dag moet sondebelydenis doen. Sommige worstel ook met die vraag of ons enigsins kan verwag dat God ons sonde vergeef as ons dit bely maar nog steeds onself uitvang dat ons aangaan met die sonde en nie daarmee kan breek nie? Dit is alles baie goeie en moeilike vrae. Gelukkig het die Bybel antwoorde daarop.

In die eerste brief van Johannes (1 Johannes) lees ons dat opsetlike, doelbewuste, voorafbeplande en intensionele sonde *as gewoonte*, waarin mens doelbewus teen God se wil kies eintlik iets van jou identiteit weerspieël. Die antieke mense

in die Bybelse tyd het geglo jou dade wys jou identiteit en jou identiteit wys jou dade. Met ander woorde, wat jy doen wys wie jy is. As ek keer op keer kies om in 'n *bestaanstoestand* van sonde my rug op God te draai, en kontra/teen my identiteit as kind van God leef, is ek in werklikheid besig om presies die aard van my identiteit te weerspieël. In die taal van 1 Johannes sou ons kon sê dat hierdie tipe sonde geklassifiseer kan word as sonde tot die dood. Sonde tot die dood is doelbewuste sonde waarin ek my rug teen God draai. Eintlik verwerp ek vir alle praktiese doeleindes vir God. My hart is eintlik koud teenoor God. So 'n leefstyl neem my na 'n donker plek, ver van God af... As ons eerlik is, moet ons vra of ons enigsins regtig ernstig is oor God en ons verhouding met God as ons só leef.

Aan die ander kant is daar mense wat regtig lief is vir die Here. Toe hulle tot bekering gekom het, het hulle gehoor en beleef dat God hulle verlos het van hulle sonde en dat hy hulle vergeef het. Hulle probeer naby aan God leef maar kom agter dat hulle van tyd tot tyd nog steeds foute maak. Hulle beleef soms elke dag die stryd tussen die vlees en die gees. Paulus het ook op 'n goeie dag die gevoel gehad! Lees maar in Romeine 7 hoe Paulus verduidelik hoe daar 'n stryd in hom is tussen die vlees en die gees. Daar is twee konflikterende magte waarmee hy worstel. Tog weet Paulus dat daar iemand is wat hom verlos van die mag van die sonde, en dit is Christus. Daarom is die mag van sonde en 'n lewe wat vasgevang is in 'n sondige doodsbestaan 'n uitklophou toegedien met die kruis en opstanding van Jesus. Die goeie nuus is ons kán loskom van die greep van sonde. Dit beteken egter *geensins* dat ons nie van tyd tot tyd gaan foute maak nie. Ons is immers nog nie in die hemel nie.

Sondig gelowiges dan nie meer nie?

Sommige tekste maak gelowiges bietjie deurmekaar. Johannes

skryf in 1 Johannes 3:9 dat 'n gelowige *nie meer kan sondig nie*. In 'n vorige skrywe het ek alreeds genoem dat *momentele of ad hoc sonde* nie sonde tot die dood (sien 1 Joh 5) is nie. Die rede? Volgens Johannes is dat God getrou is, en dat Hy die een is wat ons *momentele sondes vergeef*.

Nou wat bedoel 1 Johannes dan as hy sê dat 'n Christen nie kan sondig nie? Beteken dit dat hy/sy nie die vermoë het om te sondig nie? Natuurlik is dit nie wat dit beteken nie, want 1 Johannes sê elders dat indien ons meen dat ons geen sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie. Wat Johannes bedoel as hy sê dat 'n gelowige nie meer kan sondig nie is dat 'n ware gelowige gewoon net nie meer wil of kan sondig nie. Jy kan of wil dit nie doen nie, *omdat* jy so baie lief vir God is en eerder naby aan sy hartklop wil leef. Net soos 'n ware springbok nie kan slap-lê tydens 'n wêreldbeker wedstryd nie, kán 'n gelowige nie slap-lê as dit kom by sonde nie. Dit sluit egter nie die moontlikheid uit dat sommige wel op 'n manier slap kan lê nie. Maar dan is die antwoord duidelik – jy wil nie regtig in dié span speel nie!

Om saam te vat. As jy tot bekering kom maak God jou 'n kind van God en hy vergeef jou sondige toestand. Daarmee wis hy jou ou negatiewe lewe uit en herskep jou tot 'n nuwe mens. Die nuwe mens wil en kan nie meer sonde doen nie, omdat hy/sy nou 'n kind van God is. Tog gebeur momentele sonde as gegewe en daarom moet ons steeds elke dag op ons knieë gaan en tot God bid om ons te vergeef en ook aan ons te toon waar ons nie leef soos hy wil hê dat ons moet leef nie. Hierdie tipe sonde-vergifnis is nie 'n sonder vergifnis wat ons weer kind van God maak nie. Ons is reeds kinders van God, maar bid nou tot versoening en belyning.

Dr. Coen Slabber het eens 'n mooi voorbeeld gebruik wat my bygebly het. Hy het vertel van 'n voorbeeld wat John Stott in sy boek *Basic Christianity* beskryf het om die saak te illustreer:

Gestel daar is 'n seun wat sy ouers minag. Dit lei tot geweldige konflik en verwydering in die huis en breek die oop kanaal van kommunikasie tussen die gesinslede. Dit sal onakkuraat wees om te sê dat hierdie seun nie meer die kind van sy ouers is nie. Selfs al sou die seun vir sy ouers sê dat hy nie hulle kind wil wees nie. Die kind se slegte optrede maak nie dat hy/sy skielik nie meer die kind van die ouers is nie. Hy bly hulle geliefde kind wat sy *status as kind by geboorte ontvang het*. Die ouers is seergemaak deur die optrede van die kind, maar het die kind steeds oneindig lief en begeer 'n herstelde verhouding met die kind. Indien die kind tot inkeer kom, skep dit die geleentheid vir die kind en die ouers om tot versoening of rekonsiliasie te kom. Nou kan hulle in 'n herstelde verhouding met mekaar staan.

Net so het ons by wedergeboorte die *status van kind* ontvang. Soms maak ons foute en dwaal weg van ons ware identiteit. In sulke gevalle moet ons tot God bid en vra om vergifnis.

Eenmalige en herhalende vergifnis van sonde is dus nie twee teenstrydige beginsels nie. Dit is deel van dieselfde munt. Eenmalige vergifnis van ons sondige toestand maak ons tot kind van God – transformeer ons in mense wat die begeerte het om naby aan God te leef en wat nie wil of kan sonde doen vanuit die perspektief van ons identiteit nie. Tog maak ons foute en stap ons buite die kollig van die Lig. Soms rebelleer ons teen die vader en raak die byster. Dan moet ons weer op ons knieë gaan en tot God bid vir vergifnis. Ons bid nie dat ons nou weer sy kind wil word nie. Nee, dit sal ons altyd wees. Ons bid dat ons verhouding met Hom kan herstel en erken ons aandeel in die breuk van die verhouding.

Graag verwys ek u ook na 'n vorige artikel van my in hierdie verband en wat op die webblad Bybelkennis te vinde is.

[Doen jy onvergeeflike sonde teen die Heilige Gees?](#)

In 1 Johannes 5:16 lees ons die volgende:

¹⁶As iemand sy broer sonde sien doen wat nie tot die dood lei nie, moet hy bid en God sal die broer die ewige lewe gee. Dit geld dié wat sonde doen wat nie tot die dood lei nie. **Daar is sonde wat tot die dood lei;** daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie. ¹⁷Alle ongeregtigheid is sonde, maar daar is sonde wat nie tot die dood lei nie.

Ons lees ook in 1 Johannes 3:9

⁹Iemand wat 'n kind van God is, **doen nie meer sonde nie**, omdat die Gees van God in hom bly; en hy **kan nie meer sondig nie**, omdat hy uit God gebore is. ¹⁰Hiéraan is dit duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is: iemand wat nie regverdig lewe nie en nie sy broer liefhet nie, behoort nie aan God nie.

Die maklikste om dit mee te verduidelik is deur middel van 'n rugby metafoor. Indien jy vir die Springbokke speel teen die All Blacks is dit jou volle intensie om te wen, elke bal deur die pale te skop en geen foute te maak nie. Net so kan en wil 'n Christen nie meer speel vir die duiwel se span nie omdat jy nou aan God se span behoort. Soms gebeur dit dat ons die bal van die lewe skeef aangee en foute maak, maar dit is wat dit is, momentele foute en ons stop sommer dadelik daarmee en maak reg, ons verval nie daarin nie. Johannes sê in 1 Johannes ⁷Liewe kinders, moenie dat iemand julle mislei nie: wie regverdig lewe, is regverdig soos Hy regverdig is; ⁸wie aanhou sonde doen, behoort aan die duiwel, want die duiwel hou van die begin af aan met sondig. En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak .

Mense wat naby aan God leef weet wanneer hulle verkeerd optree en wanneer dit hulle verhouding met God seermaak. Daarom keer hulle vinnig terug na God se hartkamer wat altyd vir hulle oopstaan soos 'n liefdevolle Vader. 1 Johannes 1:8 sê immers dat alle mense droogmaak, maar God vergewe die wat terugdraai

na Hom: ⁸As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie. ⁹Maar as ons ons sondes bely-Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

Momentele sonde, daar waar jy die bal van die lewe aanslaan of iemand hoog tekkel, dit is nie sonde tot die dood nie. Sonde tot die dood is wanneer jy die God van lewe verwerp en met jou ganse wese en jou menswees keer op keer teen God kies – wanneer jy jou hart vir God sluit en hom verwerp. Dit is sonde teen die Heilige Gees en sonde tot die dood omdat jy die God van lewe verwerp en ook jou naam uit die boek van die lewe uitskryf. Sonde teen die Heilige Gees is dus 'n bestaanstoestand waarin ek teen die Lig en die Lewe kies met my wese en doelbewus God se stem en die inspraak van sy Gees verwerp.

Skrywer: [Prof Dr Kobus Kok](#)